Huis Môrelig Seunskoshuis

Boodskap van ons Hoofseun 2023 : Corné Basson

Ek het as 'n graad 9 leerder by Huis Môrelig ingestap en ek is dadelik aanvaar. Hierdie afgelope paar jaar is vir my 'n ervaring wat ek vir niks sal verruil nie. Die ander seuns in die koshuis het my met ope arms verwelkom en ek was dadelik deel van hierdie trotse familie. Ek het van die begin af gevoel dat hierdie my tuiste is en sien steeds uit na elke week by hierdie koshuis.

Ek is ongelooflik dankbaar dat ek weer hierdie geleentheid het om as hoofseun van Huis Môrelig op te tree. Dankie aan elkeen wat hulle ondersteuning in my geplaas het en steeds plaas.

Huis Môrelig is meer as net 'n koshuis, dis 'n tuiste vir elke seun. Dis 'n plek waar jy jouself kan wees en waar jy jou drome en ideale kan uitleef. Dis ons huis weg van die huis en dit is hier waar ons mekaar ondersteun en dra deur alle tye.

Ek het groot verwagtinge vir 2023 en met samewerking en respek gaan dit 'n jaar wees om te onthou. Ek vertrou dat ek en die res van die prefekte hierdie koshuis tot hoër hoogtes sal lei en ons die graad 8 tot graad 12 leerders ons broers sal maak en vriendskappe sal kweek wat vir altyd hou.
Ons wag vir elke leerder met ope arms. Hier kom jy in as 'n seun en jy verlaat hierdie huis as 'n volwaardige Huis Môrelig-Tier!

Week tydrooster vir Huis Môrelig Seunskoshuis:

06:00	Opstaan klok, aantrek, kamers netjies maak
06:25	Inspeksie (Kamer en Kas)
06:30	Stiltetyd
06:40	Ete klok
07:15	Klok lui, almal moet uit koshuis wees en deure word gesluit
14:15	Ete klok, namiddag reëlings - DDP
14:45	Ontspanning / Stiltetyd
15:00	Studie (Leerders sal slegs van studie verskoon word indien hul 'n getekende briefie van die betrokke onderwyser en Skoolhoof het waar hy/sy slegs vir akademie moet wees. Geen sport of kultuur bywoning tydens studietye nie.)
15:45	Einde van studie - sport of kultuur of by Koshuis
17:45	Ete klok, aand reëlings – DDP STORT
19:00	Studie (18:45 – 19:45, 20:00 – 21:00 toets aande)
20:00	Breuk – snoepie oop
20:15	Laerskool Stiltetyd en Bybelstudie
20h30	Ligte uit (Indien nog huiswerk studie tot 21:00 saam met hoërskool)
20:15	Hoërskool – studie
21:00	Einde van studie, stort
21:20	Stiltetyd en Bybelstudie
21:30	Ligte uit en stilte
21:30	Laatstudie met toestemming
22:30	Laatstudie eindig

U seun benodig die volgende vir die koshuis:

Merk ASB al u seun se eiendom en klere!!

- Beddegoed : Maak seker dat u seun sy beddegoed gereeld huistoe neem om te laat was.
- Skoolklere : Volgens die voorskrifte van die skool. Maak seker dat hy genoeg het om daagliks skoon en netjies skool toe te gaan.
- Toiletware en twee handdoeke : Geen toiletpapier word voorsien.
- Koffie beker : Beker, teelepel, koffie/tee, suiker, melk as hy vir homself wil koffie maak
- Skryfbehoeftes
- Slot vir sy kas met 'n spaarsleutel om op die sleutelbord te bêre. (nie nommerslotte nie)
- Basiese medisyne : Geen medisyne mag deur personeel aan leerders verskaf word nie. Pille moet, duidelik gemerk, ingehandig word by die kantoor. Ouers moet SELF dokter afsprake maak, koshuis personeel mag nie afsprake reël nie. Indien u seun afgeboek word, moet hy huis toe gaan, leerders mag nie dan by die koshuis bly nie.
- Indien 'n leerder daagliks voorgeskrewe medikasie gebruik moet dit aan die huishoudingstoesighouer oorhandig word om toe te sluit en aan die leerder te gee op die voorgeskrewe tye.
- Ontspanningsdrag, warm baadjie, slaapklere.
- Wasgoedsak vir vuil klere.

SNOEPIE is saans tot leerders se beskikking.

Woensdae: Dorpdag vir leerders na studie. Almal moet 17h30 terug wees by die koshuis (netjies in skooldrag geklee).

KOSHUISTARIEWE 2023

- Koshuistarief per leerder per jaar R 21,300.00 (Betaalbaar voor die 14de Desember 2022)
- per kwartaal R5,325.00 (Streng betaalbaar binne die eerste 7dae van die kwartaal, eerste betaling verpligtend voor/op 14 Desember 2022)
- per maand R2,130.00 (10 betalings, streng betaalbaar voor die 7de van elke maand, eerste betaling verpligtend voor/op 14 Desember 2022)

Verpligtend vir alle leerders by toelating:
Deposito van R2,130.00 betaalbaar voor 14 Desember 2022 en breekskade van R200.00 eenmalig vir nuwe leerders.

Beurse:
U is welkom om met die finansiële beampte te gesels oor die aansoek vir 'n losiesbeurs. Daar is egter sekere vereistes vir die aansoek.

KOSHUISGELDE IS SLEGS VIR LOSIES MAANDAG (ONTBYT) TOT VRYDAG (MIDDAG-ETE), NAWEEK VERBLYF WORD EKSTRA GEHEF OP REKENING.

Naweekverblyf:
R 250.00 per naweek

U moet asseblief kennis neem dat koshuisverblyf 'n voorreg is en daarom moet alle losiesgelde **streng vooruitbetaal** word sodat ons net die beste vir u kind kan bied.

TIERE
Since 1966

Huis Môrelig Seunskoshuis

"JOU HUIS WEG VAN DIE HUIS"

NAVRAE

Algemene navrae
morelig@dirkieuys.co.za
022 100 1539

Kinders
andretruter0@gmail.com
082 326 4428

www.dirkieuys.co.za
Huis Môrelig Seunskoshuis

BANKBESONDERHEDE

Huis Môrelig Seunskoshuis
ABSA
Rek nr: 1060 142 382
Takkode: 632005
Verwysing: *U seun se naam*

Dokters op Moorreesburg :

- Dr. AM Stander: (022) 433 2200
- Dr. Van Rensburg: (074) 583 1012

HUIS MÔRELIG
EST. 1966
SEUNSKOSHUIS

HUIS VAN DIE TIER